

VRA, SOEK EN VIND

deur Tony Alamo

Een van die groot versekerings in die Bybel is dat dit onmoontlik is vir GOD om te lieg (Hebreërs 6:18). Wat HY sê in SY WOORD is waar.¹ Alles in SY WOORD is waar.

Die eerste keer wat die HERE oor gebed gepraat het, het HY gepraat oor die VADER wat in die geheim gevind word en wat openlik beloon (Mattheüs 6:1-6). Die HERE het gepraat van gebed toe HY die tweede keer die Bergpredikasie gegee het (Mattheüs 7:7-8). Jesus het aan ons die gebedsgids gegee om te volg en in die skrif vir ons geleer wat die belangrikste bestanddeel van gebed is. Hy gee aan ons vele versekerings dat ons gebede verseker gehoor sal word en verseker ons dat ons gebede beantwoord sal word.²

Let op hoe HY woorde gebruik wat amper dieselfde beteken en die belofte elke keer spesifiek herhaal: Vir julle SAL gegee word, julle SAL vind, vir julle SAL oopgemaak word. Hy gee dan die wet van die Koninkryk as gronde vir sodanige versekering: Want elkeen wat bid sal ONTVANG; en hy wat soek, VIND; en vir hom wat klop, SAL OOPGEMAAK word (Lukas 11:10). Dit is GOD in die vlees wat aan jou die waarhede vertel. HY is nie n leuenaar nie.

Jakobus 1:6-7 lui: "Maar hy moet in geloof bid, sonder om te twyfel; want hy wat twyfel, is soos n golf van die see wat deur die wind [Satan; twyfel³] gedrywe en voortgesweep word. Want dié mens



Pastoor Tony Alamo, saam met sy
ontslape vrou, Susan Foto - 1972

moenie dink dat hy iets van die HERE sal ontvang nie." HY wil verseker deur die sesvoudige herhaling hierdie waarheid diep vestig in ons gedagtes, harte en siele.

Moet nooit so uitgeput raak dat jy vergeet om te bid nie; en moenie vergeet om vas te staan in gebed nie.⁴ Ons mag — en moet — met groot selfvertroue verwag dat al ons gebede beantwoord gaan word. Elkeen wat vra, sal ontvang. Naas die openbaring van die VADER se liefde, is daar nie n belangriker les as dit in die hele leergang van gebed nie.

n Verskil in betekenis is gesoek in die drie woorde wat die Here gebruik: vra, soek en klop. As dit inderdaad SY bedoeling was dat dit drie onderskeie betekenis moes hê, dan verwys die eerste "vra", na die noodsaaklikhede waarvoor ons bid. "Soek" is die woord wat die Skrif gebruik om na HOMSELF te verwys. CHRISTUS verseker ons dat ons HOM kan vind. Dit is egter nie genoeg om GOD in n tyd van nood te vind nie. Ons moet in n blywende verhouding met hom staan.⁵ "Klop" verwys na die instemming om saam met HOM en in HOM en deur HOM te wandel in konstante gebed. Om noodsaaklikhede te vra en te ontvang sal dus daartoe lei om ons Gewer te soek en te vind, en vandaar af sal dit lei na die klop en oopmaak van die deur en verder na die VADER se troon en liefde, wat behels om GOD se geboorte te onderhou.⁶

Ons kan niks aan onself gee nie.⁷ Ons moet GOD vertrou om aan ons te gee waarvoor ons vra.⁸

JESUS het belowe dat HY moes weggaan sodat HY aan ons n ander vertrooster kon stuur.⁹ In die Hemel het HY die HEILIGE GEES en die VADER geword. Hulle het HULLESELF aan ons openbaar deur die HEILIGE GEES.¹⁰ HY het gesê dat HY dit sou doen en HY het. HY het gesê dat HY ons sal bevry van alle boosheid, van al ons vyande en

(Vervolg op bladsy 2)

1 Ps. 111:7-8, 119:89, 151-152, 160, 138:2, Jes. 40:8, 55:10-11, Matt. 24:34-35, 1 Pet. 1:23-25 2 2 Kron. 7:13-15, Ps. 145:18, Jer. 29:12-13, Sag. 13:9, Matt. 6:1-6, Luk. 11:5-13, Joh. 14:13-14, 15:7, Jak. 5:16, 1 Joh. 3:22, 5:14-15 3 Rom. 14:23 4 Matt. 15:22-28, 21:21-22, 26:41, Luk. 18:1-8, 21:36, 22:40, 46, Ef. 6:18, Kol. 4:2, 1 Thes. 5:17, 1 Tim. 2:8, Heb. 4:16, 10:19-23, Jak. 5:16, 1 Pet. 4:7 5 Ps. 23:6, 27:4-5, 61:4, 84:4, 92:13, Joh. 15:5-10, Rom. 8:1, Ef. 1:3, 2:4-7, Kol. 3:3, 1 Joh. 2:6, 28, 3:6, 24, 4:13 6 Joh. 14:15, 21-24, 15:10, 1 Joh. 5:2-3, 2 Joh. 6 7 Matt. 6:25-34, Joh. 6:63, 14:6, 15:5, 2 Kor. 3:5 8 Ps. 125:1, Matt. 6:28-30, 9:27-30, 15:22-28, 17:15-20, 21:21-22, Mark. 9:23, Luk. 18:1-8, Joh. 16:23-24, Rom. 1:17, 2 Kor. 5:7, Jak. 1:6-7 9 Joh. 14:15-20, 23, 26, 15:1-11, 26, 16:7-14 10 Eseg. 36:26-27, Joh. 17:20-26, Rom. 8:10-11, 26-29, 1 Kor. 3:9, 16-17, 6:19-20, 2 Kor. 6:16-18, Gal. 2:20, Ef. 2:18-22, 3:16-21, Filip. 2:12-13, Kol. 1:27-29, 2:9-10, 2 Tim. 1:14, 1 Joh. 3:24, 2 Joh. 9

VRA, SOEK EN VIND

(Vervolg vanaf bladsy 1)

HY sal.¹¹ Maar ons moet dit in geloof vra.¹² Soek en HY sal seker maak dat ons vind.¹³ As ons klop sal die deur van die Hemel vir ons oopgemaak word, met die GEES wat ons gebede beantwoord. Daar is niemand om te vertrou behalwe die HERE nie. “Bid altyd,” sê HY (Lukas 21:36). Die GEES sê: “Bid sonder ophou” (1 Tessalonisense 5:17). Vra, soek, klop en ons sal dit hê. Een ding is seker: die HERE wil hê ons moet glo en verseker weet dat om te vra, te soek en te klop nie tevergeefs sal wees nie.

Die feit dat die HERE dit nodig gevind het om hierdie waarheid op soveel verskillende maniere te herhaal, is 'n baie belangrike les. Dit bewys dat HY ons harte ken. Hy weet dat twyfel en wantroue in HOM natuurlik, maar ook rampspoedig vir ons is en dat ons gebed as 'n godsdienstige plig sien sonder om 'n antwoord te verwag.¹⁴

Hy weet ook dat ons glo gebed is iets wat op geestelike vlak te moeilik is vir die halfhartige dissipel, selfs al glo die dissipel dat GOD gebed hoor en ook beantwoord. Heel aan die begin van SY onderrig, poog HY dan ook om hierdie waarheid diep te vestig in die harte van dié wat wil bid: gebed bereik baie. Vra en jy sal ontvang; elkeen wat vra sal ontvang. Dit is die ewige wet van die Koninkryk. As jy vra en nie ontvang nie, moet dit wees omdat daar iets fout is of skort met die gebed.¹⁵ Laat die WOORD en GEES jou behoortlik leer om te bid, maar moenie geloof verloor dat HY aan jou wil gee nie, want elkeen wat vra, ontvang.

¹¹ Eks. 23:22, Ps. 20:1-2, 34:7, 41:1-2, 50:14-15, 91:1-16, 118:5-6, Jes. 35:3-4, 50:2, 7-10, 54:17, 59:19 ¹² Matt. 21:22, Gal. 3:11, Heb. 11, Jak. 1:6-7 ¹³ Deut. 4:29, Jos. 1:8, 1 Kron. 28:9, 2 Kron. 7:14, 15:2, Spr. 8:17, Jer. 29:13, Matt. 5:6, 6:33, 7:7-8, Luk. 11:9, Joh. 15:7, Hand. 17:11-12, 27, Rom. 10:17, Kol. 3:1-2, 2 Tim. 2:15, 3:15-17, Heb. 11:6 ¹⁴ Mark. 16:16, Joh. 3:18, 36, 2 Thes. 2:10-12, Heb. 3:12, 19, 11:6, Jak. 1:6-7, Jud. 5, Op. 21:8 ¹⁵ Rom. 8:26-28, Jak. 4:3, 1 Joh. 5:14



ALAMO BEDIENINGS AANLYN
www.alamoministries.com

“Bid en vir julle sal gegee word” (Mattheüs 7:7). In CHRISTUS se skool is daar geen kragtiger bemoediging om te volhard in gebed as dít nie. Soos wat 'n kind moet bewys dat 'n som korrek is, so is die bewys dat ons reg gebed het ons antwoord. As ons vra en geen antwoord kry nie, is dit omdat ons nie geleer het om behoorlik te bid nie, omdat ons nie bid soos die SEUN nie. Laat elke leerling aan die skool van CHRISTUS, daarom die MEESTER se WOORD in al sy eenvoud aanneem; omdat ons seuns in CHRISTUS is, sal elkeen wat vra, ontvang.

CHRISTUS het goeie rede gehad om so onvoorwaardelik te praat. Wees versigtig om nie die WOORD te verswak met menslike wysheid nie.¹⁶ Ons moet HOM glo, as HY aan ons Hemelse dinge vertel. SY WOORD sal dit self verduidelik aan wie ook al dit volkome glo. Wanneer vrae en moeilikhede opduik, moenie probeer om dit op te los voordat jy aanvaar dat jy deur die SEUN een met HOM is nie. Laat ons dit alles aan HOM toevertrou; HY sal dit oplos. Ons werk is om SY belofte volkome te glo en te aanvaar. Laat daardie belofte ingegraveer wees in die binnekamers van ons harte met letters van die lig.

¹⁶ 1 Kor. 2:11-14, 2 Kor. 11:2-3, Gal. 5:7-10, 1 Tim. 1:18-20, 4:1, 6:20-21, 2 Tim. 1:13-14, 2:14-21, 3:1-5, Heb. 10:22-23 ¹⁷ Matt. 7:7-11, 18:2-4, Mark. 10:15 Luk. 18:16-17, Gal. 4:1-7

Pakistan

Geagte in Christus

Wees gegroet in die ongeëwenaarde naam van onse Here Jesus Christus. Mag die salwing van God saam met u en u gesin en ook u bediening wees. Ons wil regtig dankie sê dat u aan ons literatuur gestuur het en ons het begin om die literatuur te versprei onder baie mense. Ons het begin om die materiaal aan ons pastore te stuur en hulle sal ook die boekies versprei. Hou asseblief aan om vir ons te bid.
In Hom
Cornelius Q.



Punjab, Pakistan

Pastoor Kornelius besig om pastoor Alamo se sielsveranderende literatuur wat in Oerdoe vertaal is, in Punjab, Pakistan te versprei.

ervaring van gebedsverhoring. Hulle bid daaglik, hulle vra baie dinge, en hulle vertrou dat sommige daarvan gehoor sal word, maar omdat hulle nie glo dat hulle seuns in CHRISTUS is nie, weet hulle min van direkte, definitiewe beantwoording van gebed as 'n reël vir die daaglikse lewe.

Die VADER soek daaglikse gemeenskap met SY kinders, sodat HY na hulle kan luister en aan hulle versoeke kan voldoen, maar hulle moet na HOM as CHRISTUS kom. Hy wil hê dat ons dag na dag na HOM as CHRISTUS kom met uitsonderlike versoeke.¹⁸ Hy wil dag vir dag doen wat ons vra. Dit was in antwoord op gebed dat die heiliges geleer het om GOD te ken as ons LEWENDE EEN en geroer is om HOM te prys en lief te

hê (Psalms 34; 66:19; 116:1). Ons LEERMEESTER wag om dit te benadruk in ons gedagtes, in ons harte en siele: gebed en die antwoord daarop — die kind wat vra en die VADER wat gee — behoort aan mekaar.

Daar mag gevalle wees waar die antwoord nee is, omdat die versoek nie volgens GOD se WOORD is nie, of omdat ons nie tot HOM nader in die liggaam van CHRISTUS waar ons in die SEUN van GOD is nie, soos toe Moses gevra het om Kanaän binne te gaan. Daar was egter steeds 'n antwoord.¹⁹ GOD het nie sy dienaar in onsekerheid rondom SY wil gelaat nie. Die gode van die heidene is dom en kan nie praat nie.²⁰ Ons VADER laat SY kind weet wanneer HY nie kan gee wat daar gevra

word nie. Die kind trek dan sy versoek terug soos wat die SEUN gedoen het in Getsemane.²¹ Beide Moses die dienskneg en CHRISTUS die SEUN het geweet dat dit wat hulle vra nie volgens GOD se wil was nie. Hulle gebede was 'n nederige versoek dat die besluit verander word. GOD sal deur SY WOORD en GEES dié onderrig, wat daarvoor ontvanklik is en wat tyd aan hom afstaan, of hul versoek volgens SY wil is of nie. Trek die versoek terug as dit nie volgens GOD se wil is nie of volhard totdat die antwoord kom. Gebed is veronderstel om beantwoord te word. Dit is in gebed en die antwoord daarop dat die wisselwerking van liefde tussen GOD en SY kind plaasvind.

Hoe ver is ons nie vervreemd van GOD, dat dit vir ons so moeilik is om sulke beloftes te begryp nie! Selfs al begryp ons die woorde en aanvaar ons dit as die waarheid, bly die geloof in ons hart wat besit daarvan neem en waarmee ons onself daarin verheug, agterweë. Dit is omdat ons geestelike lewe steeds so swak is en ons vermoë om GOD se gedagtes te aanvaar so wankelig is. Kom ons kyk na JESUS om ons te leer, soos wat niemand behalwe HY ons kan leer nie. Neem eenvoudig SY WOORDE en vertrou HOM deur SY GEES om dit lewend en kragtig in ons te maak. Dit sal ons innerlike wese binnedring en die Geestelike Goddelike realiteit van die waarheid wat dit bevat, toelaat om besit van ons te neem. Ons behoort nie tevrede te wees totdat elke versoek wat ons rig die Hemel bereik op die vleuels van JESUS se eie woorde: “Vra en dit sal vir julle gegee word” nie.

Geliefde mededissipels in die skool van JESUS! Leer die les deeglik! Kom ons neem die woorde op soos wat dit gespreek is. Moenie dat menslike rede dit kragteloos maak nie. Kom ons neem dit en glo dit, net soos wat JESUS dit gee. Op die regte tyd sal HY ons leer om dit ten volle te verstaan. Nou moet ons begin om dit onvoorwaardelik te glo. Neem tyd in gebed om na SY stem te luister. Moenie dat 'n wankelrige geloof jou verwagtinge beperk nie. Kom ons soek nie net in gebed nie, maar te alle tye daarna om op blymoedige wyse die

(Vervolg op bladsy 4)

18 Spr. 3:5-6, Filip. 4:6, 1 Pet. 5:6-7 19 Deut. 3:23-29 20 1 Kon. 18:17-40, Ps. 115:4-8, 135:15-18

Uitleg van Tale, Susan Alamo, 17 Desember 1972

“Aanskou die Glorie van die Here julle God, waar hy in julle midde wandel. Wat meer is, Ek, die Here God, sê aan julle: julle het nie gekom toe Ek, die Here jul God, jul ontbied het nie. Ek het julle gevolg, in die donkerte van die nag en ek het gepraat, terwyl jul nog vasgevang was in jul sondes en oortredinge. Ek het julle helder oordag gevolg en ek het aan die snare van jul harte gepluk. Ek, die Here, jul God, het julle na die plek gebring om julle hier te vestig, om julle as My mense bymekaar te bring. En kyk, waar Ek midde-in die dag en die uur staan, selfs al sê hulle aan julle dat Jesus Sy koms mag uitstel, of dat die Here, jul God, nie sal verskyn nie, moet niks hiervan glo nie. Julle weet dat Ek by julle is en oor 'n klein rukkie sal ek julle na My toe neem.”

Malawi

Geagte wêreld-pastoor Tony Alamo

Ek is pastoor Innocent Sapaganga Mtambo, vasbeslote om God te dien in ons bediening. U welkome literatuur het die krag om te red. Pastoor, hier in Malawi bid ons vir u. U artikels wat beskikbaar is op u webtuiste dui aan dat u grootskaalse vervolging ervaar. Pastoor, selfs hier in Malawi word die meeste van God se predikante beskuldig van dieselfde dinge, 'n klomp leuens. Pastoor, deur vervolging ontstaan oorwinning en God is aan u kant. Dit herinner my aan u visie, “Difficult Mountain.”

U literatuur red siele hier en die volgende is die Christene wat by 'n skool vergader (name van 21 mense is gelys).

Pastoor, stuur asseblief aan ons soveel nuusbriewe soos wat u kan, asook twee *Messiah*-boeke. Ons wil as verspreiders van u literatuur optree, sodat Tony Alamo Ministries regoor Malawi kan uitbrei. Mag die Goeie Vader vir u bediening baklei.

U seun in Christus

Pastoor Innocent Sapaganga Mtambo

Chitipa, Malawi

21 Matt. 26:36-42, Luk. 22:39-44

VRA, SOEK EN VIND

(Vervolg vanaf bladsy 3)

versekering te aanvaar dat die mens se gebed op aarde en GOD se antwoord in die Hemel vir mekaar bedoel is. Vertrou dat JESUS vir ons sal intree by die VADER sodat ons die antwoord kan kry. HY sal dit doen AS ONS TOT HOM BID SOOS ONS TOT DIE VADER BID. "Vra [soos JESUS] en julle sal ontvang."

HERE, U het ons geleer om te bid. O HERE JESUS! Leer my om te verstaan en te glo wat U my geleer het om te verstaan en wat U aan my belowe het en help my om van die VADER te ontvang soos wat U van die VADER ontvang het. My geseënde GOD, ek vind tog in U lering dat U bloot gesê het, daar moet h antwoord op gebed verwag word. U verseker ons dat dit die gemeenskap van h kind met die VADER is: die SEUN vra en die VADER gee.

Geseënde HERE! U WOORDE is getrou en waar. HERE, ek wil U seun wees, sodat ek sal ontvang wanneer ek vra. Wees my GOD en my VADER, dit vra ek in die gebed:

My HERE en my GOD, wees my, sondaar, genadig.²² Ek glo dat JESUS CHRISTUS die SEUN van die lewende GOD is.²³ Ek glo dat HY dood is aan die

kruis en SY kosbare bloed uitgestort het vir die vergifnis van al my vorige sondes.²⁴ Ek glo dat GOD JESUS uit die dode opgewek het deur die krag van die HEILIGE GEES,²⁵ en dat HY op hierdie oomblik aan die regterhand van GOD sit en luister na my belydenis van sonde en hierdie gebed.²⁶ Ek maak die deur van my hart oop en ek nooi U in my hart in, HERE JESUS.²⁷ Was al my vuil sondes weg in die kosbare bloed wat U in my plek gestort het aan die kruis by Golgota.²⁸ U sal my nie wegwys nie, HERE JESUS; U sal my sondes vergeef en my siel red. Ek weet, want U WOORD, die Bybel, sê so.²⁹ U Woord sê dat U niemand sal wegwys nie en ek weet — dit sluit my in.³⁰ Daarom weet ek dat U my gehoor het en ek weet dat U my geantwoord het en ek weet dat ek gered is.³¹ Ek dank U, HERE JESUS, dat U my siel red en ek sal my dankbaarheid toon deur te doen soos U beveel en nie meer te sondig nie.³²

Na redding, het Jesus gesê, moet ons gedoop word, ten volle onderdompel in water in die Naam van die VADER en die SEUN en die HEILIGE GEES.³³ Bestudeer die 1953-vertaling van die Afrikaanse Bybel [die King James-weergawe] en wees gehoorsaam.³⁴

Die Here wil hê dat jy almal van jou redding vertel. Jy kan h verspreider word

van pastoor Tony Alamo se evangeliese literatuur. Ons sal die literatuur kostevry aan jou stuur. Skakel of e-pos ons vir meer inligting. Deel die boodskap met iemand anders.

As jy wil hê die wêreld moet gered word, soos wat JESUS beveel, moet dan nie vir GOD beroof van SY tiendes en offerhandes nie. GOD het gesê: "Sal h mens werklik vir GOD beroof? Tog beroof julle MY. Julle vra: 'Waarvan beroof ons U?' Van tiendes en offergawes. Daar rus alreeds h vloek op julle en tog bly julle MY beroof; die hele nasie [en die hele wêreld] doen dit. Bring die volle tiende [h tiende is 10% van jou bruto inkomste] na die voorraadkamer toe sodat daar iets te ete kan wees [geestelike kos] in MY huis [siele gered kan word], en toets MY hierin, so sê die HERE, DIE ALMAGTIGE. Toets MY of EK nie die vensters van die Hemel vir julle sal oopmaak en vir julle seëninge sal uitgiet, meer as wat julle kan gebruik nie. EK sal die sprinkane keer sodat hulle nie die opbrengs van julle grond sal verwoes nie, en dat julle wingerde nie sonder vrugte sal wees nie, so sê die HERE, DIE ALMAGTIGE. Dan sal al die nasies julle as gelukkige mense beskou; julle sal in h begeerlike land woon, so sê die HERE VAN DIE LEËRSKARE" (Mal. 3:8-12).

22 Ps. 51:5, Rom. 3:10-12, 23 Matt. 26:63-64, 27:54, Luk. 1:30-33, Joh. 9:35-37, Rom. 1:3-4 24 Hand. 4:12, 20:28, Rom. 3:25, 1 Joh. 1:7, Op. 5:9 25 Ps. 16:9-10, Matt. 28:5-7, Mark. 16:9, 12, 14, Joh. 2:19, 21, 10:17-18, 11:25, Hand. 2:24, 3:15, Rom. 8:11, 1 Kor. 15:3-7 26 Luk. 22:69, Hand. 2:25-36, Heb. 10:12-13 27 1 Kor. 3:16, Op. 3:20 28 Ef. 2:13-22, Heb. 9:22, 13:12, 20-21, 1 Joh. 1:7, Op. 1:5, 7:14 29 Matt. 26:28, Hand. 2:21, 4:12, Ef. 1:7, Kol. 1:14 30 Matt. 21:22, Joh. 6:35, 37-40, Rom. 10:13 31 Heb. 11:6 32 Joh. 5:14, 8:11, Rom. 6:4, 1 Kor. 15:10, Op. 7:14, 22:14 33 Matt. 28:18-20, Joh. 3:5, Hand. 2:38, 19:3-5 34 Deut. 4:29, 13:4, 26:16, Jos. 1:8, 22:5, 2 Tim. 2:15, 3:14-17, Jak. 1:22-25, Op. 3:18

Kontak ons asseblief vir inligting of literatuur oor ander onderwerpe wat interessant mag wees.

Tony Alamo, World Pastor, Tony Alamo Christian Ministries Worldwide • P.O. Box 2984, Hollywood, CA 90078 USA

24 uur gebeds- en inligtingslyn: (661) 252-5686 • Faks. (661) 252-4362

www.alamoministries.com • info@alamoministries.com

Tony Alamo Christelike Bediening wêreldwyd verskaf woonplek met alle lewensnoodsaaklikhede aan almal wat werklik die Here wil dien met hul hele hart, siel, verstand en krag, in ons VSA-gebiede.

Dienste word elke Dinsdagaand om 20:00 in die stad, New York, en ander plekke gehou.

Skakel asseblief (908) 937 5723 vir inligting. ETES WORD BEDIEN NA ELKE DIENS.

Vra vir Pastoor Alamo se boek, *The Messiah*, wat aandui hoedat CHRISTUS in die Ou Testament geopenbaar word deur 333 profesieë.

Word h werker in die oes van siele deur h verspreider van Pastoor Alamo se literatuur te word.

Al ons literatuur en audioboodsappe is gratis, en sluit versending in.

As enigiemand poog om jou daarvoor te laat betaal, maak asseblief h kollekteeroproep na (661) 252 5686.

HIERDIE LITERATUUR VERKONDIG DIE WARE PLAN VAN VERLOSSING (Hand. 4:12).

MOET DIT NIE WEGGOOI NIE, GEE DIT VIR IEMAND ANDERS.

Indien u in 'n ander land woon, moedig ons u aan om die literatuur in u moedertaal te vertaal. As u dit herdruk, sluit asseblief die kopiereg en registrasie in:

© Kopiereg Mei 2014 Alle regte voorbehou World Pastor Tony Alamo © Geregistreer Mei 2014

AFRIKAANS—VOLUME 19600—ASK, SEEK, AND FIND